MY REAKSIE OP DIE DVD:
"Nuwe" strominge in die teologie

Julian Müller	**Kommentaar deur Tom Lessing**
1. Dit word naamloos aangebied en daarom behoort niemand dit eintlik ernstig op te neem nie. Geen uitgewer sal 'n boek naamloos publiseer nie. Koerante is ook nie bereid om naamlose briewe te publiseer nie. Dieselfde geld vir elektroniese publikasies. In hierdie DVD is daar geen erkenning van outeurskap nie. Die persoon of persone wat dit maak en versprei is dus nie bereid om 'n openlike standpunt te stel, dit te verdedig en hulleself oop te stel vir kritiek nie. Hulle bly in die skadu. Daarom is ek ook nie bereid om op die inhoudelike aantygings wat oa ook teen my gemaak word, te reageer nie.	Moontlik het Prof. Julian Müller 'n eksemplaar van die DVD "Nuwe Srominge in die Teologie" sonder 'n omslag ontvang maar die eksemplaar wat ek bekom het, is beslis nie anoniem nie. Die omslag sê baie duidelik dat dit deur WTL Produksies vervaardig is. Op die koop toe word die naam van die instansie , adres, e-pos en telefoonnommer baie duidelik heel aan die einde van die DVD aangegee. Volgens persberigte en SABC radioprogramme is die DVD besig om opslae te maak in die NG Kerk. Die gewone grondvlak lidmate kry nou vir die eerste keer insae in die dwaalleringe wat al so lank en so vrypostig in die NG Kerk verkondig word. Daarom is hierdie DVD oor nuwe strominge in die teologie baie tydig en uiters belangrik. Ongelukkig is sommige predikante wat die DVD gratis ontvang het en versonderstel is om hulle lidmate te waarsku teen die dwaalleringe besig om die vure te probeer doodslaan. So-ook pas prof. Julian Müller se pogings om die DVD onder die loep van "anonimiteit" te demoniseer nie juis by 'n Godsgeleerde man nie. Veronderstel die DVD was wel naamloos aangebied, sou dit die pers enigsins weerhou om die belangrike feite wat daarin vervat word, te publiseer? Skynbaar is Prof. Julian Müller nie goed op hoogte met die Strafproseswet #51 van 1977 nie wat volwassenes en kinders die reg verleen om anoniem in ons Suid-Afrikaanse howe te getuig. In sulke gevalle mag die pers, TV en radio die persone se getuienisse publiseer maar onder geen omstandighede die naam van die anonieme getuies noem nie. Die feit dat hulle anoniem getuig maak nie van hulle getuienis 'n nikseggende gebrabbel wat niemand ernstig kan opneem nie. Koerante mag hulle miskien die reg vooorbehou om nie naamlose briewe te plaas nie maar dit is hoegenaamd nie waar dat hulle nooit enige briewe wat naamlooos geskryf is, plaas nie. Myns insiens is die DVD van WTL Produsies een van die sterkste getuienisse teen die toenemende dwaalleringe in die NG Kerk en al sou dit naamloos aangebied word, is en bly dit'n ernstige waarskuwing vir die NGK om terug te keer na die onveranderlike en onfeilbare Woord van God.
2. Dit word aangebied as 'n "dokumentêr". My vraag is of daar so iets as 'n naamlose dokumentêr moontlik is? Sodra iets soos hierdie naamloos aan die groot klok gehang word, verdien dit nie die naam "dokumentêr" nie. Dit val eerder in die kategorie van propaganda en verdagmakery.	Dit is voorwaar 'n kwade dag vir die NG Kerk wanneer 'n dokumentêr waarin die "naamlose" vervaardiger slegs die presiese woorde uit die spreekwoordelike perd se bek gebruik het, as propoganda en verdagmakery afgemaak word. Kom ons veronderstel dit val wel in die kategorie van propoganda en verdagmakery, dan moet ons onself die vraag afvra wie nou eintlik die persone is wat hulle skuldig maak aan slegte propoganda en kwaadwillige verdagmakery — die "naamlose" vervaardiger of die persone wat die gewraakte dinge in die DVD sê? Proff. Hansie Wolmarans, Sakkie Spangenberg, Yolanda Dreyer, en Dominic Crossan sê in die inleiding van die DVD dinge wat op skreiende manier propoganda maak teen die Heilige Gees geïnspireerde Woord van God en die redding van tallose siele (wat glo in die maagdelike geboorte van Christus, sy plaasvervangende dood aan die kruis, sy histories-fisieke opstanding en sy toekomstige fisieke wederkoms) onder verdenking plaas. Ek vra weer: wie is die eintlike propogandiste en verdagmakers? Indien Prof. Müller so begaan is oor kwaadwillige propoganda en verdagmakery

	dan behooot hy diegene wat hullle in die DVD skuldig maak aan verdagmakery teen die Woord van God in die openbaar te repudieer. Blykbaar is die eer van mense vir hom van meer belang as die eer van die drie maal heilige Drie-enige God.
3. Tekenend van verdagmakery en propaganda is om aan ‘n uitdrukking ‘n ander kleur te gee in die manier waarop dit gebruik word en om van halwe waarhede en onwaarhede gebruik te maak. Voorbeelde is “blote mite”, wat iets anders sê as “mite” in ‘n akademiese besinning. Nog ‘n voorbeeld is die uitspraak dat ek “’n probleem het met die leë graf”, terwyl ek nêrens ‘n uitspraak gemaak het oor die leë graf nie.	Hoe op dees aarde kon die vervaardiger ’n ander kleur gee aan ’n uitdrukking in die manier waarop hy dit gebruik het as hy die opnames wat hy deur die jare van die sg Nuwe Hervormers en ander agbare geleerdes se uitsprake gemaak het presies netso in die DVD gebruik het? Dit is naïef om die vervaardiger te beskuldig van ’n ander manier waarop hy uitdrukkings gebruik het met die doel om ’n ander kleur daaraan te gee terwyl die uitdrukkings opsigself onveranderd uit die monde van die persone in die DVD gekom het. Wil Prof. Julian Müller daarmee te kenne gee dat die vervaardiger by wyse van die hedendaagse opnametegnieke die uitdrukkings van die persone in die DVD geredigeer het sodat hulle iets anders moes sê as wat hulle in werklikheid sou gesê het? Indien Prof. Müller dit sou doen, maak hy homself skuldig aan flagrante verdagmakery en is hy besig om die vervaardiger die kans om homself te verdedig te ontneem. Boonop beskuldig hy die vervaardiger van die gebruik van halwe waarhede en onwaarhede. Ek vind dit baie vreemd dat Prof. Müller so ’n beskuldiging voor die kop van die vervaardiger gooi terwyl baie van sy kollegas van die mees God-onterende onwaarhede in die DVD kwytraak. Terloops, daar is nie so iets soos halwe waarhede nie. Dit impliseer ’n vermenging van ’n sekere persentasie van die waarheid en ’n sekere persentasie van die leuen. As ’n mens sou kon praat van ’n halwe waarheid, sou dit nie onvanpas wees om ook van ’n halwe leuen te praat nie. Dis mos gans ondenkbaar. Kom ons kyk na ’n paar van die algehele onwaarhede wat Prof. Julian Müller se gesprekgenote in die DVD kwytgeraak het: “Jesus’ death on the cross as an atoning sacrifice is primitive and obsolete” (Prof. Hansie Wolmarans) “Ons wil nog steeds vir kindertjies leer dat Jesus vir hulle gesterf het” (Prof. Sakkie Spangenberg) (Lees maar gerus weer wat die opgestane Jesus Christus van sulke mense gesê het -Mattheus 18: 6). “Ek kan nie met ’n dogmatiese konstruk soos—Hy moes betaal met sy lewe om God tevrede te stel oor die sonde. Daarmee sukkel ek persoonlik. Ek kan dink hoe sukkel mense wat nie teoloë is nie” (Prof.. Yolanda Dreyer). “Its like transcendental child abuse. If God can do that—then what kind of a God are we talking about? (Dominic Crossan). G’n wonder die Here sê in sy Woord: “Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;” (1 Korinthiërs 1: 18).
4. ‘n Verskeidenheid van filosofieë en teologieë word almal op een hoop gegooi. So word die *Jesus Seminar,* die Nuwe Hervorming, die Gnostiek, die New Age, Teosofiese Vereniging ongenuanseerd saam in die beskuldigde bank geplaas. Dieselfde word gedoen met konsepte soos bedrog, mite, simbolisme, metafoor.	Ek het ’n paar keer baie noukeurig na die DVD gekyk en is oortuig dat die “op-een-hoop-gooi” van die verskeidenheid filosofië en teologieë die natuurlike gevolg is van die in diepte navorsing wat die vervaardiger daaroor gemaak het. Dit toon dat die verskeidenheid van filosofieë en teologieë sekere raakpunte het wat waarskynlik die resultaat is van ’n gemeenskaplike oorsprong. Trouens, ’n navolger van die Teosofiese Vereniging het met groot bravade gespog dat “die sg. waarhede wat Wolmarans nou ontdek het alreeds baie dekades deur die Teosofiese Vereniging verkondig word.” Prof. Hansie Wolmarans erken self dat die Nuwe Hervorming dieselfde dinge sê as die Gnostici van die eerste en tweede

	eeue. Dit is dus nie die vervaardiger wat die verskeidenheid van filosofieë en teologieë "ongenuanseerd saam in die beskuldigde bank" plaas nie, maar die aanhangers van hierdie filosofieë en teologieë wat openlik erken dat hulle willekeurig of onwillekeurig by mekaar leen en/of geleen het.
5. Verskillende mense word by wyse van assosiasie op 'n onregmatige en onwetenskaplike manier onder verdenking geplaas. So word persone se woorde van beleefdheid en bedanking gebruik om te suggereer dat hulle meelopers is. Die volgende voorbeelde is van belang: Prof Wilhelm Jordaan word as Nuwe Hervormer hanteer bloot omdat hy 'n hoofstuk (op uitnodiging!) in 'n gesamentlike publikasie geskryf het. Die inhoud van wat hy sê word nie bespreek nie. Ekself word aan die Nuwe Hervorming gekoppel omdat ek 'n beleefde woord oor Spangenberg se rol in die NG Kerk gesê het – teenoor die onbeleefde woord van Ds Theo Dansfuss. Prof Jurie le Roux word onder verdenking gebring omdat hy vriendelik reageer teenoor 'n toespraak van Prof Spangenberg. Daar word gesuggereer dat Prof Piet Geyser ook deel van 'n komplot is omdat hy 'n bedankingswoord teenoor die besoekende Prof Grosan moes sê.	Die ou Afrikaanse spreekwoord "Meng jou met die semels dan vrede die varke jou" klink miskien baie grof maar dit sê net op 'n ander manier wat die apostel van liefde in 2 Johannes 1: 10 sê: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie." Moontlik weet Prof. Müller nie dat misplaaste beleefdheid dikwels groter kwaad in die hand werk as eerlike en opregte onbeleefdheid. Vleitaal is geneig om iemand wat op 'n dwaalspoor is, aan te spoor om maar rustig voort te gaan op sy gevaarlike pad, terwyl onbeleefdheid soms net die regte medisyne is om iemand op 'n dwaalspoor tot ander insigte te bring. Daarom sê die slimste man onder die mense: "Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel, maar die soene deur 'n vyand is oorvloedig" (Spreuke 27: 6) Die NIV sê dit so: "Wounds from a friend can be trusted, but an enemy multiplies kisses." Ek is so bly dat Paulus hom soos 'n man gedra het en geweier het om Petrus se afvalligheid met beleefdheid te begroet.
6. Die argumentlyn wat in die DVD gevolg word, is soos volg: Die dwalinge het internasionaal ontstaan met die *Jesus Seminar* en vandaar oorgespoel en Suid-Afrika bereik in die gedaante van die *Nuwe Hervorming.* Die argument word dan verder gevoer dat ek (en andere), sonder dat ek dit wil erken, eintlik deel is van die NH en dus bedektelik dieselfde standpunte huldig en ook verkondig. Hieroor maak ek twee opmerkinge: a. Die argumentlyn is kwasi-wetenskaplik en uiters gevaarlik. Dit behels die eenvoudige en maklike koppelinge van persone en instansies met mekaar ten spyte daarvan dat hulleself dit anders stel en oordra. b. Ekself het my eie standpunt oor die Nuwe Hervorming by herhaling verduidelik. Ek was en is jammer dat die gesprek tussen Kerk en NH nie op 'n volwasse manier voortgesit kon word nie en dat iemand soos Prof Sakkie Spangenberg uit die NG Kerk bedank het (moes bedank?). My eie standpunt het raakpunte met sake wat die NH op tafel plaas, maar ook verskille. Hierdie posisie het ek in my boek *Opstanding* (p 75) duidelik beredeneer.	Hoewel Prof. Müller erken dat sy eie standpunt raakpunte het met sake wat die NH op die tafel plaas, wil hy skynbaar nie regstreeks met die NH geassosieer word nie. Minder belangrike raakpunte met wat die NH op die tafel plaas is nie so erg nie, maar sodra een van die belangrikste dogmas in die Bybel — in hierdie geval die opstanding van Jesus Christus — die raakpunt is, dan moet jy jouself ernstig afvra of Prof. Müller maar nie wel kop in een mus is met die Nuwe Hervormers nie. Hy wil sy pleidooi dat beide die letterlike en metaforiese sieninge oor die opstanding van Christus in die kerk geakkomodeer behoort te word, temper met die pleidooi dat ons eerder saam met Petrus moet bely dat Jesus die Christus is: *"Ons moet tog nie weer van ons geloof 'n dwingende sisteem maak waarin almal ewe netjies moet inpas en presies dieselfde moet glo nie. Dan is ons juis nie protestants en gereformeerd nie. Of jy nou metafories glo en of jy letterlik glo, uiteindelik is die vraag of jy saam met Petrus bely dat Jesus die Christus is . . ."* Ons vind die belydenis "U is die Christus" uit monde van twee entiteite in die Skrif — dié van die mens (Mattheus 16:16) en dié van demone (Lukas 4: 41). As Prof. Müller bereid is om die belydenis van Petrus as 'n Skriftuurlik gewaarborgde waarheid te erken en self ook na te volg, dan behoort hy dieselfde belydenis van die demone as 'n onweerlegbare waarheid te beskou, ten spyte van sommige leiers in die NGK se ontkenning dat die duiwel en demone bestaan. Hoewel Petrus se belydenis en dié van die demone in die letter presies dieselfde is, is hulle in die gees radikaal iets anders. Die een spreek van 'n heerlike vrymaking en verlossing terwyl die ander dui op 'n verskriklike en ewige oordeel en verdoeming. Wat maak van dieselfde belydenis iets radikaals anders as dit uit die monde van hierdie twee verskillende entiteite kom? Toe Petrus bely dat Jesus die Christus is, was dit nie maar net 'n blote erkenning dat Hy die gestuurde Messias van God was nie, maar in sy wese ook 'n vaste geloof en erkenning in alles wat die naam "Christus" verteenwoordig. Die naam "Christus" verskyn nie minder nie as 514 keer in die Nuwe Testament en

	beteken dat Hy (die Christus) 'n salwing van sy Vader ontvang het om in die hoedanigheid van Profeet, Priester en Koning sy rol as Verlosser te vervul. In Handelinge 17: 3 getuig Paulus dat die Christus "moes ly en uit die dood opstaan." Daar was dus 'n onafwendbare en onlosmaaklike dringendheid aan die naam "Christus" gekoppel en indien Hy nie hierdie dringende "moes-ly-en-uit-die-dood-opstaan" vervul het nie sou Hy beslis nie die naam van "Christus" waardig wees nie. Enigiemand wat aanspraak maak op dieselfde belydenis as dié van Petrus moet dus noodwendig bely dat Hy 'n fisieke lyding (aan die kruis) en ook 'n fisieke opstanding uit die dood *moes* ervaar. Dit is tog wat Petrus se belydenis behels. Daarteenoor kan niemand aanspraak maak op dieselfde belydenis van Petrus as hy die Christus-gekoppelde "moes ly en uit die dood opstaan" ontken nie. Dit is onmoontlik. Die geoeffende teenantwoord is gewoonlik: maar 'n metaforiese opstanding is nie 'n ontkenning van Christus se opstanding nie; dit is slegs 'n ander siening van dieselfde gebeurlikheid sowat 2000 jaar gelede soos gesien vanuit die hedendaagse wêreldbeeld. Indien Christus metafories opgestaan het, sou sy aanspraak dat Hy die opstanding en die lewe is, 'n infame leuen wees. Alle Christene weet dat Hy hierdie woorde by die graf van Lasarus geuiter het en om sy aanspraak op 'n letterlike, sigbare en ooggetuie werklikheid te staaf, het Hy Lasarus letterlik en fisiek uit die dood opgewek. Daar was hoegenaamd geen sprake van 'n metaforiese opwekking van Lasarus nie; die begrafnisgangers wat hom losgemaak het van sy grafdoeke het nie 'n metaforiese skim van 'n mens onder die doeke gesien nie maar die einste Lasarus soos hy was vóór sy dood.
7. Die snitte op die DVD word buite konteks aangehaal om die vervaardigers se doel daarmee te bereik. Die konteks waarbinne 'n bepaalde toespraak gehou is, word nie verduidelik nie en die strekking van die geheel word nie gegee nie. Sodoende word snitte, wat alles werklike opnames is, aanmekaar geryg ter wille van die opbou van 'n argument, maar daar word geen moeite gedoen om die eintlike bedoeling van wat gesê is te begryp nie.	Ek het alreeds verwys na sommige van die geoefende antwoorde wat die post-moderne teoloë aanbied wanneer hulle oor hulle uitsprake aangevat word. 'n Ander baie mooi blink gepoleerde en ingeoefende antwoord wat hulle gee wanneer hulle oor hulle uitlatings gekonfronteer word, is dat hulle buite konteks aangehaal word. Van die bekendste woordeboeke definieer konteks as volg: "The part of a text or statement that surrounds a particular word or passage and determines its meaning." Let daarop dat slegs 'n gedeelte van 'n teks of uitspraak nodig is om 'n besondere woord of passasie se mening te bepaal. As ons hierdie definisie sou toepas op sommige van die uitsprake wat die Nuwe Hervormers en "Metaforiste" in die DVD maak, is dit nie nodig om 'n briljante wetenskaplike te wees om te bewys dat die vervaardiger die persone deurgaans in konteks laat praat het nie en beslis nie snitte aanmekaar geryg het ter wille van die opbou van 'n argument nie. Kom ons gerbuik die aanvaarbare definisie van "konteks" en pas dit toe op sekere dinge wat in die DVD gesê word. "Jesus' death on the cross as an atoning sacrifice is primitive and obsolete" (Prof. Hansie Wolmarans) Dit is vanselfsprekend dat die frase "death on the cross" die kern vorm van hierdie uitspraak en dat die woorde "primitive" en "obsolete" die inhoud van Prof. Wolmarans se uitspraak 'n klinklare betekenis gee. Volgens hierdie definisie is geen bykomende konteks of onuitgespreekte woorde of frases nodig om die werklike betekenis van die spreker se uitspraak te bepaal nie. "Ons wil nog steeds vir kindertjies leer dat Jesus vir hulle gesterf het" (Prof. Sakkie Spangenberg) In hierdie geval is die frase "dat Jesus vir hulle gesterf het" die

	kern van die uitspraak terwyl die woorde “steeds” en “leer” die betekenis daarvan in ’n solied-gegote konteks plaas. Enige Jan Rap en sy maat en selfs die eenvoudigste ou kindertjies sal vir jou kan sê in watter konteks Prof. Spangenberg dit gesê het. So kan ons uitspraak na uitspraak neem en telkens bewys dat hulle almal binne konteks aangehaal is.
8. Daar is onmiskenbare ooreenkomste tussen die wyse waarop die argumente in die DVD opgebou is, en die wyse waarop die saak deur Mulder en sy groep teen my (en kollegas) in die klagtes voor die ringe opgebou is. Die feit dat die DVD naamloos aangebied word, laat mens dan tot die gevolgtrekking kom dat dieselfde mense wat die klagtes gelê het, ook hiervoor verantwoordelik is. Die klagtes het nie geslaag voor verantwoordelike kerklike liggame nie en nou word op ‘n laakbare manier verder gegaan met die skep van ‘n soort bosverhoor, waar ongetoetste beweringe die wye wêreld ingestuur word. Ek kom tot die konklusie dat die DVD ‘n kwaadwillige poging is om valse indrukke van my en ander kollegas die wêreld in te stuur. Mens kan maar net hoop op intelligente kykers wat dit as sodanig sal onderskei. Julian Müller 2007-07-29	Mag ek Prof. Müller daaraan herinner dat dit nog nooit gegaan het om persone, persoonlikhede of instansies nie en nog minder oor pogings om sekere persone of instansies onder verdenking of in ’n slegte lig te plaas nie. Dit gaan hier om dié belangrikste faset van die mens se bestaan — die Evangelie van Jesus Christus, die mens se geloof en hoe hy sy lewe daarvolgens inrig. Nie een van ons — hoe geleerd, geëerd en belangrik ons ookal in die samelewing mag wees — kan dit waag om so verwaand te wees om te dink dat die “kragtige stryd vir die geloof” (Judas 1: 3) om ons wentel nie. Elkeen van ons sal verantwoording moet doen oor hoe ons met die Evangelie van Jesus Christus omgegaan en geproklameer het. Inderdaad, die liefde van Christus behoort elkeen van ons te dring om te waarsku “Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom.” As die opgestane Christus dit gedoen het, dan behoort ons dit ook te doen. Tragies genoeg, is dit nie Prof. Müller of enige van die ander sprekers in die DVD wat in die beskuldigde bank geplaas word nie, maar Jesus Christus en sy evangelie wat voor die regbanke van die hedendaagse post-modernisme en die Nuwe Hervormers gedaag word. Soos van ouds, word Hy vandag nog steeds aangekla van leuens, bedrog en hersenskimme. Het dit nie tyd geword nie vir die NG Kerk om aan die voet van die kruis neer te val en uit te roep: “Here, ons en ons vaders het teen U en U Woord gesondig. Wees ons barmhartig en vergewe ons. Gee vir ons herders wat U en U Woord waarlik liefhet en U skape op U paaie van geregtigheid kan lei.” “Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun” (2 Johannes 9). Tom Lessing Krugersdorp Noord Dinsdag, 21 Augustus 2007